

Titel: Verwyder die suurdeeg
Pastor: Lucille May
Datum: 21 Maart 2010
Tyd: 08:30



Esegiël 16:6-8 OV

⁶ En Ek het by jou verbygegaan en jou sien spartel in jou bloed; toe het Ek vir jou gesê in jou bloed: Leef! Ja, Ek het vir jou gesê in jou bloed: Leef! ...En jy het gegroei en groot geword en die hoogste bloei bereik; ...maar jy was naak en bloot. ⁸ En Ek het by jou verbygegaan en jou gesien, en kyk, jou tyd was die tyd van liefde. Toe het Ek my vleuel oor jou uitgesprei en jou naaktheid toegedek...

Jesaja 6:9-10

⁹ Toe het die Here gesê: "Gaan sê vir hierdie volk: Julle sal hoor en hoor en tog sal julle niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie." ¹⁰ Verder het Hy vir my gesê: "Maak hierdie volk traag van begrip, maak hulle ore doof en hulle oë blind sodat hulle nie met hulle oë sien, met hulle ore hoor, en met hulle verstand begryp en hulle hulle bekeer en genees word nie."

Israel > VERGIFNIS

Kerk > LIEFDE

Efesiërs 1:4b OV


¹ ...om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees

Jakobus 1:27 OV

²⁷ Reine en onbesmette godsdienst voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jouself vlekkeloos te bewaar van die wêreld.

Mattheus 7:1

¹ Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie.



Resene Find-A-Colour

Die Vader:	trek mense na God
Jesus:	red en oordeel
Heilige Gees:	oortuig
Duiwel:	beskuldig

Romeine 13:8

⁸ Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit

Galasiërs 5:1, 9 NV

¹ Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie.

⁹ 'n Bietjie suurdeeg deurtrek die hele deeg.

I Korinthiërs 4:8, 10 OV

⁸ Alreeds is julle **versadig**, alreeds het julle **ryk** geword, sonder ons het julle geheers. Het julle tog maar geheers, sodat ons saam met julle kon heers!

¹⁰ Ons is dwaas ter wille van Christus, maar julle is **verstandig** in Christus. Ons is swak, maar julle **sterk**. Julle is **in aansien**, maar ons in oneer.

opgeblase – v. 6, 18, 19

I Korinthiërs 5:1-2, 6-7a NV

¹ 'n Mens hoor werklik van onsedelikheid onder julle, en dan nogal onsedelikheid van so 'n aard as wat selfs onder die heidene nie voorkom nie, naamlik dat 'n man en sy stiefma as man en vrou saamleef.

² En dan verbeel julle julle nog julle is **beter as ander**. Moes julle nie liever daarvoor getreur het nie? So sou julle die man wat so iets gedoen het, uit julle kring verwyder het.

⁶ Julle **selfverheffing** is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg deurtrek nie? ⁷ **Verwyder dan die ou suurdeeg**, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees...

1. SKYNHEILIGHEID:

I Korinthiërs 5:11-13 NV

¹¹ Wat ek geskryf het, was dat julle nie moet omgaan met iemand **wat homself 'n gelowige noem**, maar wat onsedelik of geldgierig of 'n afgodsdienaar of kwaadprater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens saam eet nie. ¹²⁻¹³ Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel. Maar julle moet oor julle eie mense oordeel: "**Verwyder die slegte mens onder julle uit!**"

II Timotheus 2:19 NV

¹⁹ Nogtans, die hegte fondament wat God gelê het, staan vas met dié woorde daarop gegraveer: "Die Here ken dié wat aan Hom behoort," en: "Elkeen **wat sê dat hy aan die Here behoort**, moet wegbreek van die ongeregtheid."

II Timotheus 3:1-5 OV

¹ Maar weet dit, dat daar in die laaste dae swaar tye sal kom. ² Want die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpratere, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, ³ sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie,

⁴ Verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God; ⁵ **mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.**

Deuteronomium 21:18-21 OV

¹⁸ As iemand 'n **hardkoppige en rebelse** seun het, wat nie luister na die stem van sy vader en na die stem van sy moeder nie, **en hulle hom tugtig, maar hy na hulle nie luister nie**, ¹⁹ dan moet sy vader en sy moeder hom neem en hom uitbring na die oudstes van sy stad en na die poort van sy woonplek, ²⁰ en hulle moet aan die oudstes van sy stad sê: Hierdie seun van ons is koppig en wederstrewig, hy luister nie na ons stem nie, hy is 'n deurbringer en dronkaard. ²¹ Dan moet al die manne van sy stad hom stenig, dat hy sterwe. So moet jy dan **die kwaad uit jou midde uitroei**, en die hele Israel sal dit hoor en vrees.

2. VEROORSAAK VERDEELDHEID:

Titus 3:9-11 NV

⁹ Maar jy moet jou nie inlaat met dwase strydvrage en geslagsregisters en met getwis en stryery oor die wet van Moses nie, want dit is nutteloos en sinloos. ¹⁰ Met **iemand wat** na twee vermanings nog **skeuring veroorsaak**, moet jy niks te doen hê nie, ¹¹ omdat jy weet dat so 'n man op die verkeerde pad is. Deur sy sonde bring hy die oordeel oor homself.

II Timotheus 2:24-26 OV

²⁴ en 'n dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar **vriendelik** wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en **een wat kwaad kan verdra**. ²⁵ Hy moet die weerspanniges in **sagmoedigheid** tereg wys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie, ²⁶ en hulle

weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen.

Pêrels voor varke:

Mattheus 10:14 NV

¹⁴ As iemand julle nie ontvang nie, en nie na julle woorde luister nie, gaan uit sy huis of uit daardie dorp uit en **skud die stof van hulle voete af**.

Efesiërs 4:15 OV

¹⁵ ... **in liefde** die waarheid oordra ...

LIEFDE:

Goedheid en strengheid (Romeine 11:22)

Reg en geregtigheid (Psalm 97:2)

Troos en dissipline